21 Augustus 2022

# PE HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

## Hoogland MINI Basaar & Padkafee

## JY IS UITGENOOI ... Moenie dit misloop nie!

Nooi sommer jou vriende, familie en bure ook saam - pak 'n piekniekmandjie met jou eie eetgerei en drinkgoed en kom kuier Vrydagaand van 16:30 hier buite op die grasperk by Hoogland se Padkafee!

Kosbestellings sluit Dinsdag, 23 Augustus om 12:00 so voltooi sommer jou bestel-vorm in die Hallo.Hoogland of bestel aanlyn via die skakel.

Die padkafee span benodig egter nog

- gebak vir die koektafel
- kontantdonasies
- malvapoedings (20 skeppies)
- 200g Kaneel / 60 eiers / 7,5 kg koekmeel

Kontak gerus vir Annalize in die kerkkantoor met enige navrae of skenkings.

## Program vir die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter
Lofkabouters tydens die erediens
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

*Deurkollekte : Jerusalem Ministries*

## Program vir die week

Dinsdag: 23 Augustus
14:00 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 24 Augustus
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 26 Augustus
05:30 Mannebediening in die GROT
16:30 Mini Basaar & Kuieraand

## Hoogland Aanlyn

079 815 9325 facebook.com/pehoogland #hooglandpe PE Hoogland

## Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

U voorbidding word ook spesiaal gevra vir Ds Pieter en die kerkraadslede wat die Ringsitting eerskomende Maandag & Dinsdagaand by NG Gemeente Anchor of Hope gaan bywoon.

## Hoogland Handelsware

Hierdie week stel die Feeskomitee pragtige handgemaakte houtpenne bekend as deel van Hoogland se Fees handelsware. Kom besigtig dit gerus. Die volgende handelsware is vandag na die Erediens te koop in die Voorhuis .

- Handgemaakte houtpenne R80 (slegs 40 beskikbaar)
- Reisbekers R60 (laaste *"batch")*
- 250g Filter Koffie R100

## Lofkabouters

... Is opsoek na HANDE van mammas en/of hoërskool meisies wat op 'n roterende basis Luise kan help met haar lesaanbiedings. Gesels gerus met Leandra as jy by Lofkabouters wil betrokke word.

# Hoogland Jubeljaar: #44

## Ondersteun die Mini Basaar & Padkafee

Hoogland pak jou piekniekmandjie met jou eie eetgerei en drinkgoedjies en kom kuier saam hier op die gras-perk voor die saal Vrydagaand, 26 Augustus.

## Augustus : Tiende Dankoffermaand

In die Bybel is 500 teksverse oor gebed en minder as 500 verse oor geloof, maar 2350 verse oor geld en besittings. 16 van die 38 gelykenisse van Jesus handel oor die regte aanwending van geld en besittings. In die Bybel is geld en die regte gebruik daarvan baie belangrik. Jesus besef dat ons op 'n materialistiese aarde leef en wil ons juis hiermee help.

'n Dankoffer is eerstens 'n ***geloofsreaksie*** van my as mens op die goedheid en guns van God in my lewe. Van die begin van God se verhouding met Israel, het God riglyne neergelê vir die gee van die eerste van die oes ('n tiende) as dankbare reaksie vir God se betrokkenheid. Dit is immers God wat eerste na ons as mens Sy hand uitreik en Sy eie Seun Jesus Christus stuur om aan die kruis te sterf en op te staan uit die dood.

'n Dankoffer is ook 'n ***geloofsgewoonte*** wat my as gelowige 'n perspektief kom gee op die sterk materialistiese kultuur waarin ons leef. Dit is 'n geloofsgewoonte wat my herinner dat alles wat ek het, van God kom en nie uit my eie nie. 'n Geloofsgewoonte stel my ook soms voor diep selfondersoek soos toe Jesus vir die ryk jongman uitwys hoe belangrik besittings vir hom geword het en hy nie bereid was om alles te verkoop en die geld aan die armes te gee nie.

'n Dankoffer is 'n ***geloofsdaad*** van vertroue in God se voorsiening in my lewe - ook op materialistiese en finansiële gebied.

Daarom moedig ons mekaar in Augustus aan om 'n tiende van ons inkomste aan God terug te gee. Dit is ook 'n gebed-saak waarin ek met die Here kan praat hieroor en my eie ingesteldheid kan ondersoek.

*Volgende Sondag, 28 Augustus is Hoogland se Tiende Dankofferfees!*

Neem gerus 'n bruin Tiende dankofferkoevertjie in die vakkies en/of op die banke. Tydens die erediens sal geleentheid gegee word vir die bring van u offer.

Dankoffers kan ook eletronies betaal word in Hoogland se Absa bankrekening of daar is kaartfasiliteite by die kantoor beskikbaar!

## Uit die Hart...

Luister na hierdie ware storie van 'n anonieme predikant, wat uit ander se optrede moes leer van onverstaanbare en onweerstaanbare genade:

"Ek het gestop by die plaaslike biblioteek om 'n boek te kry wat ek nodig gehad het. Daarna het ek by die parkeerterrein uitgery. By die uitgang het 'n vuil boemelaar met 'n trollie vol van sy gemors voor my ingestap. Terwyl ek vir hom gewag het om sy oorgang te maak, het sy trollie vasgehaak aan iets in die pad en omgeval. Dit het by die uitgang gebeur, so ek kon nie uitbeweeg, totdat hy nie alles weer in sy trollie teruggesit het nie. Maar dit sou duidelik nie vinnig gebeur het nie, want hy was nog boonop gekoring ook. Ek het ongeduldig op my stuurwiel getik, terwyl ek sy stadige skoonmaakproses uit my motor met irritasie dopgehou het.

Net toe klim 'n jong vrou uit die motor agter my en loop verby my motor na waar die vuil boemelaar was. In skerp kontras met die boemelaar was sy netjies geklee en welriekend!

"Terwyl ek gekyk het, het sy afgebuk en die boemelaar gehelp om sy dinge weer terug in die trollie te kry. Daarna het sy hom gehelp om sy trollie op die sypaadjie te kry, sodat hy weer op sy wankelrige gang kon gaan.

Ek kan nie vir julle vertel nie, maar ek het nog nooit meer gevoel soos 'n Leviet en 'n priester wat aan die ander kant verbygeloop het nie - terwyl die goeie Samaritaan, in die vorm van die ryk, jong vrou, die man gehelp het.

Hier is die ironie - die boek wat ek by die biblioteek gekry het, wou ek juis konsulteer vir my opkomende Sondagpreek. Maar in daardie parkeerterrein het 'n baie beter preek oor betroubaarheid voor my oë afgespeel."

Ds Pieter

STORIELYN IN DIE VOORPORTAAL:

Tydperk: 2002 – 2012 Kleurplaat: Robyn

'n Hele klomp V's (vervolg)

Vier Tipes Spiritualiteit:

Na afloop van die 40 Dae projek waarby nie net die kleingroepe nie maar alle bedieninge van die gemeente betrek is, kom bied Ds. Breda Ludik (NG Gemeente Helderberg) in Oktober 2007, op uitnodiging van die kerkraad, 'n insiggewende seminaar oor die vier missionale spiritualiteitstipes binne 'n gestuurde gemeente aan.

Hy definieer spiritualiteit as:

- dit wat ek in mense se lewens sien gebeur wanneer hulle in 'n verhouding met God leef
- die werking van die Heilige Gees wat die beeld van Christus in my laat gestalte kry

Hy verduidelik ondermeer dat die Heilige Gees ons op unieke maniere insluit by God se werk in die wêreld. Die Heilige Gees werk as't ware met elkeen van ons volgens sy/haar eie unieke spirituele bedrading. Ons kan dieselfde Bybel lees, dieselfde belydenisskrifte heelhartig onderteken, maar terselfdertyd uiters divers wees in ons spirituele belewenis daarvan.

Op sy aanbieding verdeel Ds. Ludik spiritualiteit in vier hoofgroepe/tipes te wete:

Kop-Spiritualiteit: Voorbeeld – Paulus (met duidelike trekke van Hand- en Mistieke Spiritualiteit)

Vind betekenis en verbintenis deur middel van inhoud, orde en logika. Lees graag, vind geloofsonderskeiding en verdieping in goed-geformuleerde prediking, dink met erns oor leerstellige kwessies en lewer 'n sistematiese teologiese bydrae ten opsigte van etiese- en leerstellige kwessies. Leraars en/ lidmate met 'n oorwegende kop-spiritualiteit, sorg vir 'n gesonde struktuur in die gemeente en gee stabiliteit. Hulle is solied, lojaal en betroubaar.

Hart-Spiritualiteit: Voorbeeld – Johannes (met duidelike trekke van Mistieke- en Handspiritualiteit) Hou van gloedvolle uitdrukkings van geloof en interpersoonlike warmte. Persoonlike getuienis, musiek en evangelisasie is baie belangrik. Fokus hul geloofsgroei in innerlike heiligheid en 'n persoonlike verhouding met die Here. Hulle maak van 'n gemeente, 'n gemeenskap. Hulle is gemoedelik, warm en entoesiasties.

Mistieke Spiritualiteit: Voorbeeld – Jesaja (met duidelike trekke van Hart- en Kopspiritualiteit) Hou daarvan om aan God se voete te sit en luister. Dink diep na oor die Bybel en oor die wêreld waarin ons ons bevind, soek en beleef die teenwoordigheid van God - in kontras met 'n deurmekaar en stukkende wêreld waarbinne ons Sy teenwoordigheid moet leef. Innerlike groei met blokke tyd, om God se teenwoordigheid in stilte op te soek, is baie belangrik. Lees die Woord meditatief. Maak die gemeente bewus van die Heiligheid van God te midde van die alledaagse. Hulle is diepsinnig en 'n bron van vernuwende denke vir die kerk.

Hand-spiritualiteit: Voorbeeld – Moses (met trekke van Kop- en Hart-spiritualiteit) Hou daarvan om aktief besig te wees om vir die Here te werk. Godsdiensoefeninge word gesien as 'n "gimnasium" wat jou voorberei vir werk in die koninkryk. Dit is vir hulle belangrik om saam te beplan aan die aksies waarby hulle betrokke is en saam daaroor te bid. Hulle bring beweging in die kerk en dryf die aksies, tree dikwels op as die kerk se gewete en doen daadwerklik iets om dit wat verkeerd is, reg te stel. Hulle is self-opofferend, ywerig en gehoorsaam en bly ons herinner, dat God vir ons 'n roeping het.

Elkeen van ons lê iewers tussen hierdie vier spiritualiteitstipes en in elke gemeente is al vier hierdie spiritualiteitstipes teenwoordig. Elkeen van ons is meer dominant in een van die vier groeperings met duidelike trekke van een of twee van die ander tipes en so bring ons diversiteit in die gemeente en in die NG kerk in die breë, as liggaam van Christus. Daar is nie reg of verkeerd, beter of slegter, meer of minder heilig, dieper of oppervlakkiger, meer-of minder vervuld met die Gees nie. Dit bring juis ons diversiteit binne ons eenheid na vore en beklemtoon dit.

Hy waarsku egter dat dit dikwels juis hier is waar gemeentes probleme optel. In terugskouing op Hoogland Gemeente se geskiedenis, is dit moontlik van belang en hoogs insiggewend om meer hierop uit te brei. Dit bied ook stof tot nadenke en oordenking - oor die kruispaaie waarby ons te staan gekom het en die Heilige Gees se leiding, wat ons glo, ons gevolg het al dan nie.

Volgens die seminaar-aantekeninge verduidelik Ds. Ludik dit so: Ons het ongelukkig almal die eg-menslike neiging om ons eie tipe spiritualiteit te verhef bo die ander. So ontstaan daar maklik 'n ongesonde groepering van 'n spesifieke tipe spiritualiteit wat vroeëre jare as 'n sekte bekend gestaan het. Enigeen van die vier tipes spiritualiteite kan ongesond of siek voorkom.

Die drie kenmerke van 'n ongesonde spiritualiteit is:

- Onttrekking – waar die groepering meer en meer saamkoek en hulle onttrek van die eenheid in die gemeente. (eksklusiwiteit)
- Meerderwaardigheid – volg op die eerste en neem gewoonlik nie lank om pos te vat nie. Die groep begin hulleself as meerderwaardig beskou en sien neer op die lidmate wat nie deel is van die eksklusiewe groep nie. Lidmate buite die groep word dan dikwels as wêrelds, oppervlakkig, onsuiwer van leer, té akademies of lou geëtiketteer om maar 'n paar voorbeelde te noem.
- Die derde kenmerk van 'n ongesonde spiritualiteitsgroep is dat die groep van 'n deel-waarheid 'n hele waarheid maak. Wat hier in terugskouing opvallend is, is sy verduideliking van die kenmerke aan die hand van 'n voorbeeld van 'n ongesonde spiritualiteitsgroep wat met die gawes van die Heilige Gees op loop gegaan het.

Verwisselinge en die rimpeleffek daarvan:

Met die vertrek van Ds. Danie Mouton (Desember 2007) en Ds. Basie Fourie (Desember 2008) binne 'n jaar na mekaar, volg 'n tydperk van disoriëntasie en reoriëntasie wat gepaardgaan met die aanstelling van nuwe leraars om die oop vakatures te vul. In sy Meesters-verhandeling (2004), wys Ds. Mouton hoe leiersfigure in 'n gemeente dikwels toesien - in onderhoud met Ds. Mouton,

gebruik hy die term orkestreer – dat 'n predikant wat by hulle verwysingsraamwerk aanpas, beroep word. Hy lig dit toe met die voorbeeld van die beroep van die eerste vier predikante in die gemeente as sterk Afrikaners in 'n tradisionele bedieningsverwagting.

Ds. Mouton se vertrek het 'n oorheersende gevoel van onsekerheid by die kerkraad (elf lede op daardie stadium en waarvan twee leraars was) gelaat. Die kerkraad is in hierdie tydperk spoedig met vier nuwe lede aangevul. Die kerk-raad het van elf na vyftien lede vermeerder binne die bestek van 'n paar maande.

Met die sterk behoefte om die vakante leraarspos te vul, is Ds. Heinrich Alberts uiteindelik op die kerkraadsvergadering van 23 Junie 2002 na Hoogland beroep.

In sy Meestersverhandeling (2013) skryf Ds. Malan die volgende: "*Ds. Alberts het 'n groot stuk hartlikheid na die gemeente gebring en hom veral op die lidmate tussen 30 en 40 jaar toegespits, waar hy ook hegte vriendskappe en verbintenisse aangaan*."

Met Ds. Basie se vertrek, het die kerkraad besluit om 'n jong predikant te beroep. Die keuse val uiteindelik op Prop. Willem Fourie, wie toe pas sy doktorale studie in sistematiese teologie voltooi het. Ds. Fourie het aandag gegee aan meer kontemporêre aanddienste en speel 'n belangrike rol by die finale fase kategese en die herstrukturering van die gemeente se webblad. Sy vermoë tot kritiese denke sowel as sy sterk teologiese grondslag, voeg waarde toe tot al die aspekte van die bediening. Ds. Fourie ontvang egter 'n beroep as senior lektor aan die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria en verlaat Hoogland teen die einde van 2010.

## Veertig Jaar van Genade:

Oor die naweek van die 12de tot die 14de Oktober 2012, word Hoogland se 40 jarige bestaan met feestelikheid en diep dankbaarheid gevier.

## Uitstalhouer:

Die feespamflet van Sondag, 14 Oktober 2012